

# Kommentaar op die "Gids" van die NG-kerk se Algemene Sinode ivm die 2019-besluit oor selfdegeslagverhoudings (2 September 2020)

Bron : <https://ngtyger.com/wp-content/uploads/2020/09/Gids-van-die-Algemene-Sinode-Sept-2020.pdf>

Die "gids" wat die Algemene Sinode van die NG-kerk beskikbaar gestel het is die leierskap se poging om kerkeenheid binne die NG-kerk te probeer bewaar en terselfdertyd "ruimte te skep" vir homoseksuele daade.

Wanneer mens deur die "gids" lees kan mens nie help om die volgende vrae te vra nie:

- Word Jesus, wat God is, se verduideliking van die huwelik tot niet gemaak?
- Waarom is daar geen verwysing, selfs net 'n voetnota, na enige van die verse in die Bybel waar daar van homoseksuele daade gepraat word nie?
- Word die skrifgedeeltes wat wél gebruik word om oor die saak te gesels, korrek aangewend of misbruik?
- Word die geskiedenis oor hierdie saak binne die NG-kerk akkuraat uiteengesit?
- Waarom noem hierdie "gids" homoseksuele daade 'n "randsaak"?

-----

1. **DIE SPELREËLS**
2. **SKRIFGESAG - DIE GESKIEDENIS**
3. **DIE IMPLIKASIES**
4. **TEKSTE OOR KERKEENHEID**
5. **SAMEVATTING**

-----

## 1. **DIE SPELREËLS**

Die opstellers van die gids wil hê mens moet by bladsy 1 begin lees maar 'n beter plek om te begin is waar die gespreksraamwerk en die spelreëls gedefinieër word (bl 35-37).

Hoekom word dit beklemtoon dat "die gespreksleier die groep streng hou by die spelreëls"? Omdat die uitkoms van meeste vergaderings of gesprekke bepaal word deur 'n kombinasie van die agenda en hoe die gespreksleier of voorsitter die gesprek "bestuur".

In hierdie geval, om dmv "gespreksreëls" die gesprek tot spesifieke skrifgedeeltes te beperk en met 'n gespreksleier wat 'n spesifieke uitkoms in gedagte het, is die uitkoms voorspelbaar.

Die kuns is natuurlik om dit nie vir die deelnemers van die gesprek ooglopend te maak dat die gesprek op 'n beplande uitkoms afstuur nie en daarom is daar ook reëls wat vir almal aanvaarbaar sal wees, soos: om met respek na mekaar te luister, om in liefde met mekaar te praat en om mekaar se waardigheid te beskerm.

Maar kom ons kyk na hierdie reël: "moet niks sê of doen wat die indruk mag wek dat mense uitgesluit word nie". Is dit Bybels?

Paulus, wat vir ons in 1 Kor 13 oor die liefde geskryf het, beveel die gemeente in Korinte dat 'n man wat 'n buitewegtelike verhouding met sy stiefma gehad het, uitgesluit moet word uit die gemeente (1 Kor 5:11).

Paulus skryf dat niks ons van die liefde van God kan skei nie (Rom 8:39), maar is ook baie duidelik dat Christene moet wegbly van diegene wat "mense afvallig maak van die leer wat julle ontvang het" (Rom 16:17-18).

In Efesiërs, die boek oor kerkeenheid en liefde tussen gelowiges, skryf Paulus teen misleiding, afgodsdienste en seksuele sondes binne die kerk, en sê duidelik: "Met sulke mense moet julle niks te doen hê nie" (Ef 5:6-7).

Ook Jesus, wat ons waarsku teen die wolwe in skaapsklere (vals leiers binne die kerk - Matt 7:15-20), beveel ons om, na onsuksesvolle broederlike gesprekke, die wat volhard uit te sluit (Matt 18:15-17).

En wat van die volgende spelreëls?

- "Ek luister diep ... en weerhou my daarvan om ander te genees of reg te help".

Vergelyk dit met 2 Tim 4 asook die beeld van God se Woord wat 'n swaard is en verseker nie gemaak is om in die skede te bly nie (Ef 6:17 en Heb 4:12)

- “Ek wag geduldig op God ... en skryf nie voor hoe God ons moet ontmoet nie”.
- “Ek bly in die oomblik ... en weerhou my daarvan om weg te skram van ongemak”.

Waarom wag? As ek "in die oomblik" teenwoordig is waar 'n gesprek handel oor dae wat die Bybel as sonde beskryf, moet ek regtig, soos die "gids" vereis, ongehoorsaam wees aan Jesus se opdrag om te vertel van die verlossing wat Jesus bring?

Die doel van die "gids" is om duidelikheid vanuit God se Woord te gee oor selfdegeslag dae en verhoudings maar let op ... in die hele "gids" is daar nie eers één verwysing na een van die Bybeltekste wat spesifiek oor homoseksuele dae handel nie. Waarom God se Woord raadpleeg oor 'n spesifieke saak en dan die verse wat oor die spesifieke saak handel doelbewus uitlaat?

Hierdie "gids" handel oor 2 mense wat hulself voor God wil toewy as 'n lewenspaar. Indien hierdie "gids" Jesus as God en hoof van Sy kerk erken, waarom word Jesus se verduideliking van hoe 2 mense hul aan mekaar en voor God moet toewy nie eers genoem nie? (Matt 19:4-6)

## 2. SKRIFGESAG - DIE GESKIEDENIS

In bladsye 15-18 gee die gids 'n oorsig oor die geskiedenis wat tot by die 2019 besluite uitgeloop het. Dit word op so 'n manier gedoen dat die 2019 besluite geloofwaardig moet lyk.

Wat in ag geneem moet word is die volgende feit: Vir baie jare word die Goddelike gesag van die Bybel deur die leierskap van die NG-kerk bevraagteken.

Die gids begin by die 1986-verslag oor Skrifgesag wat deur die Algemene Sinode aanvaar is maar wat die gewone NG-lidmante nie weet nie, is dat van die NG-kerk se mees gesiene professore by die teologiese kweekskole reeds lank voor 1986 besig was om die strategie rondom die geleidelike verbod van Skrifgesag te ontwikkel.

Hier volg 'n baie kort opsomming van wat die 1986 besluit oor Skrifgesag voorafgegaan het:

Die bekende NG teoloog, Ferdinand Deist, het sy doktorsgraad in Stellenbosch verkry en in 1977 in Marburg, Duitsland, verder gestudeer. Daar is hy beïnvloed deur Rudolph Bultmann, 'n kontroversiële teoloog wat groot verdeeldheid binne die Lutherse Duitse geloofsgemeenskappe veroorsaak het deur histories-kritiese metodes te gebruik om God en Jesus se wonderwerke te verwerp as uitvloei van antieke mitologie.

Met sy terugkoms na Suid-Afrika het Deist, Bultmann se histories-kritiese metodes hier by die kweekskole ingevoer. Stelselmatig het Deist vennote bygekry waaronder Jurie le Roux, Sakkie Spangenberg, Wentzel van Huysteen, Willem Nicol ens. Stukkie vir stukkie is die historiese betroubaarheid van die Bybel binne die teologiese fakulteite verbreek.

Dit is teen hierdie agtergrond wat die 1986 Algemene Sinode se besluit oor Skrifgesag toe verwoord is om te lees: “dat die Bybel geen handboek is vir ... geskiedenis nie ... ”

En so het die NG-kerk amptelik die historiese waarde en waardigheid van die Bybel skade aangedoen.

Wat die gewone NG-lidmaat nie weet nie is dat daar vandag steeds nuwe teologiese strominge by die kweekskole deur gesoute dosente aan jong studente geleer word. Onder andere, dat Jesus se geboorte nie maagdelik was nie, dat Jesus nie werklik opgestaan het nie en dat die satan (wat Jesus ook in die woestyn probeer verlei het) slegs denkbeeldig is en nie regtig bestaan nie.

### 2002 Algemene Sinode

Agt jaar vóór 2002 het daar wrywing ontstaan tussen die NG-teoloë wat Bultmann se histories-kritiese metodes aangehang het en die wat die geskiedkundige waarde van die Skrif wou bewaar.

Jurie le Roux, vriend en buurman van Deist, was vanaf 1987-2007 'n dosent by Tukkies. Honderde tokkelokke is deur hom voorberei. Le Roux maak aanspraak soos:

- die gevestigde denkpatriene van die Christelike geloof moet vervang word
- daar is wesenlike foute in die Bybel
- die kerk kan nie meer met gesag aanspraak maak op die waarheid nie
- die eenheid van die Skrif het onmoontlik geword,
- God se openbaring is relatief

Een van die NG-teoloë wat hierdie aanslag op die outoriteit en geskiedkundige waarde van die Skrif probeer verhoed het was dr. Johan Heyns. Heyns het Le Roux gewaarsku dat hy op 'n “gevaarlike weg” was en Bultmann so opgesom:

“Bultmann is só betower deur die eise wat die moderne mens stel, só besig om die struikelblokke (vir die moderne mens) uit die Skrif te verwyder dat hy uiteindelik die evangelie gaan oorskrywe het”

Dr. Willie Jonker verwys ook na Deist en Le Roux se histories-kritiese metodes as “kerk-ontbindend”.

## 2004 Algemene Sinode

Reeds voor 2004 het die NG kuratoria, wat toesig hou oor teologiese opleiding, op strategiese wyse begin om meer-en-meer dosente by die kweekskole van Stellenbosch, Bloemfontein en Pretoria aan te stel wat histories-kritiese denke en lering voorgestaan het. Ook het kritiese NG-professore hul kontroversiële standpunte in die media begin bekend maak.

So het dr. Willem Nicol in 2003 verklaar dat NG predikante nie meer in die fisiese opstanding van Jesus hoef te glo nie.

Uitsprake van ander wat gepubliseer is, lees:

- Die Bybel is die produk van die gekonkel van mense.
- Die Protestantse Reformasie moes eerder die humanis Erasmus en nie vir Luther gevolg het nie.
- Jesus se liggaam is deur van sy dissipels gesteel.
- Die wonderwerke en bestaan van die satan is mitologie, kom uit die antieke tyd en moet uit die Bybel verwyder word.

Sekere NG-professore se motivering vir herinterpretasie van die Skrif om "ruimte te skep" vir die wat die leë graf en liggaamlike opstanding van Jesus verwerp was so intens dat die Noordelike sinode in 2003 geweier het om die liggaamlike opstanding van Jesus as deel van die geloofsbelydenis te behou.

Die NG-kerk het by die punt gekom waar die leierskap gekies het dat die Skrif nie meer geskiedkundige waarde of Goddelike gesag het nie. Omdat dit deur die mens geskryf is, is dit die mens wat "skrifgesag" het. Die mens het dus outoriteit oor hoe God se Skrif verander en geïnterpreteer moet word.

Die histories-kritiese metodes vanuit Duitsland het uiteindelik Skrifgesag vernietig. Die Woord van God, en in realiteit God self, het die skepping van die mens geword.

### 3. DIE IMPLIKASIES

Wanneer 'n kerk-denominasie die erkende Protestantse beginsels van Skrifuitleg en interpretasie na willekeur aanpas is dit onafwendbaar dat hulle uiteindelik by 'n punt van "vasgelooptheid" sal uitkom. En dit sal noodwendig tot skeuring lei tussen:

- A) diegene wat God se Woord die waarde en Goddelike outoriteit gee wat dit toekom en dit die fondament van hul geloof maak. 'n Fondament wat so onveranderlik en betroubaar is soos God self.  
téénoor
- B) diegene wat hulself bo die outoriteit van God se Woord verhef en dit na willekeur verander en interpreteer net om dan te ontdek dat die fondament van hul geloof, mensgemaak is. 'n Fondament wat so veranderlik en onbetroubaar is soos die mens self.

Dit is tans die vasgelooptheid van die NG-kerk.

### 4. TEKSTE OOR KERKEENHEID

Soos voorheen genoem is die "gids" veronderstel om God se Woord te raadpleeg om te verstaan wat God sê oor homoseksuele dae maar dit verwys nêrens eers na een van die verse wat die onderwerp direk aanspreek nie. (Soos Rom 1:18-32, 1 Kor 6:9-11 en 1 Tim 1:10-11)

2 Tim 3:16 leer ons dat die hele Skrif deur God geïnspireer is. Wanneer ons dus die skrif raadpleeg oor 'n spesifieke onderwerp kan ons nie net 'n paar verse selektief uitkies en dan met 'n kunsgreep (of spelreëls) dit maak pas op die onderwerp nie. Deur die Woord so te misbruik loop ons die risiko om, soos wat met "apartheid" gebeur het, vandag te bewys dat die onderwerp God se goedkeuring wegdra en later te ontdek dat dit toe nooit God se goedkeuring weggedra het nie.

Op bl 23 staan daar: "Dit sal 'n kwade dag in die kerk wees as ons so oorhoops lê met ons verskille dat ons nêrens voldoende gemeenskaplike grond kan vind wat samewerking moontlik maak nie"

Hierdie sin is duidelik ten doel om die leser te laat skuldig voel as hy of sy nie bly soek het na ten minste een ding wat samewerking tussen die groepe (A en B hierbo) moontlik maak nie. Anders gestel: As jy nie kerkeenheid nastreef nie, selfs al is dit so duidelik soos daglig dat die 2 standpunte onversoenbaar is vanuit die Skrif, hou jy jou besig met die kwaad.

## Handelinge 15 & Romeine 14

### Wat die "gids" sê:

"Die voorbeeld van Handelinge 15 kan ons as kerk gerusstel dat ons 2019-besluit [oor selfdegeslagverbintnisse] 'n Bybelse manier van besluit is ... Beide Handelinge 15 en Romeine 14 lewer dus dieselfde uitkoms: 'n skikking in liefde. Handelinge 15 lewer hierdie uitkoms deur klem te plaas op 'n onderliggende gedeelde waarheid en Romeine 14 deur verdraagsaamheid te midde van botsende standpunte" (bl 25, 27).

### Wat die "gids" nie sê nie:

In Handeling 15 het die vergadering besluit dat gelowiges uit heidennasies die die besnydenis en koswette van Moses hoef na te volg nie maar vers 20 stel dit baie duidelik dat die seksuele wette steeds geld. Hand 15:20 - " ... en dat julle onsedelikheid moet vermy".

Daar is geen twyfel by historici en bybelkenners dat die Apostels homoseksuele daade as onsedelik beskou het nie. Daarom is dit belangrik om daarop te let dat vers 28 dit wat in vers 29 gelys is, "noodsaaklike dinge" noem. Daarom kan homoseksuele daade dus nie afgemaak word as 'n "randsaak" nie.

Paulus skep ook in Rom 14:5-6 "ruimte" vir gelowiges om in liefde van mekaar te verskil oor randsake soos verskillende kossoorte en feesdae maar Rom 1:25-27 is baie duidelik: Wat ons met ons liggame doen, na wedergeboorte, is nie 'n "randsaak" nie. Sien ook 1 Kor 6:13-14.

Hand 15 en Rom 14 word deur die "gids" gemanipuleer om na geldige bewystekste te lyk wat homoseksuele daade binne selfdegeslagverbintnisse goedkeur en dit ook as 'n "randsaak" te klassifiseer.

## Johannes 15

### Wat die "gids" sê:

Ons eenheid in Christus bepaal ons gesamentlike geloof en identiteit as kerk, en dat onderlinge verskille oor seksuele gedrag en selfdegeslagverbintnisse nie daardie eenheid in Christus en met mekaar beïnvloed nie.

"Christus se versoek om in Hom te bly (Joh 15:4), Ons vereniging met Christus die gekruisigde en opgestane Here, is die diepste **waarheid** omtrent ons lewe en identiteit" (bl 32-33).

Die "gids" sê dat ons eenheid met Christus en mekaar is die "diepste **waarheid**".

### Wat die "gids" nie sê nie:

... is wat werklik **die waarheid** is en dat ons nie daarvoor kan verskil en steeds een in Christus wees nie.

In John 14:6 sê Jesus: "Ek is die weg en die waarheid ... In Joh 15 gebruik Jesus die metafoor van die lote wat "in" die wingerdstok geplant is om ons eenheid met Hom te verduidelik. Maar wat beteken dit om een **in** Jesus te wees?"

In vers 2 verduidelik Jesus dat God snoei. Hoe snoei God? "... deur **die woorde** wat Ek vir julle gesê het." (vers 3). God gebruik Jesus **se woorde** as maatstaf om te snoei.

In Joh 15:7 sê Jesus verder: "As julle **in** My bly en **my woorde** in julle ... " Twee begrippe in een sin: Liefde vir Jesus (die waarheid) **en sy woorde** is twee onlosmaaklik begrippe van ons eenheid met Hom. Jesus sê in vers 10 "**As julle my opdragte uitvoer, sal julle in my liefde bly...**" en in vers 14 "Julle is my vriende as julle doen wat Ek julle beveel."

Dit is dus baie duidelik dat die eenheid "geplant" (gewortel) is in **Jesus se woorde** en die gehoorsame uitvoering wat ons daaraan gee.

In Joh 14:23-24 sê Jesus "As iemand My liefhet, sal hy **my woorde** ter harte neem ... Wie My nie liefhet nie, neem **my woorde** nie ter harte nie".

In Joh 17 verwys Jesus weer na twee onlosmaaklike begrippe: die eenheid in Christus (die waarheid) en die band met **God se Woord as die waarheid**.

"U het hulle aan My gegee, en hulle het **U woord** ter harte geneem ... Laat hulle aan U toegewy wees deur **die waarheid**. **U woord is die waarheid** ... ter wille van hulle wy Ek My aan U toe, sodat hulle ook **deur die waarheid** aan U toegewy kan wees" (Joh 17:6, 16-19).

In Joh 4 steek Jesus in liefde grense oor en vra vir 'n Samiritaanse vrou vir water. Hy praat met haar oor wat in die oomblik in haar lewe sonde is, gee vir die haar die boodskap van hoop en die opdrag om nie haar sonde te gaan herhaal nie. Jesus se boodskap van hoop vir haar en die ander Samaritane is: " ... ware aanbidders (nie meer by spesifieke plek God sal aanbid nie) maar deur die Gees en **in waarheid** sal aanbid..." (Joh 4:23).

In Joh 5 steek Jesus een van die Sabbatsgrense oor en genees die verlamde man op die Sabbat by die bad van Betesda met die opdrag: "Moet nou nie meer sonde doen nie, sodat daar nie iets ergers met jou gebeur nie" (Joh 5:14). Dit is dus duidelik dat daar 'n voorwaarde is om "in" Christus te bly - vermy die sonde.

Die aangrypendste voorbeeld waar Jesus die grense van die wet en kultuur oorsteek is seker in Joh 8 waar 'n vrou tydens owerspel betrap word en Jesus haar red en huis toe stuur met die woorde: "Gaan maar en moet van nou af nie meer sonde doen nie" (Joh 8:11).

Alhoewel bogenoemde baie duidelik is, verswyg die "gids" dat wanneer Jesus van die eenheid in Hom praat Hy dit direk verbind aan:

- Ons geloof in en liefde vir Hom, wat die vergestaltung van die waarheid is.
- Ons geloof in en gehoorsaamheid aan Sy woorde, wat die waarheid is.
- Ons voorwaardelike en daadwerklike wegdraai van sonde.

## 1 Korintiërs 13

### Wat die "gids" sê:

"ons [weet] nog nie alles ... nie. Ons ken net gedeeltelik, maar eendag sal ons God ten volle ken. Hierdie vers [1 Kor 13:12] moet ons aanspoor om ons eie sienings maar saggies vas te hou, in die wete dat ons nog nie alles weet nie" (bl 35).

Die "gids" vra dat groep A in paragraaf 3 groep B se opinie oor homoseksuele dae binne selfdegeslagverbintenisse sal aanvaar op grond van Paulus se stelling dat ons op hierdie stadium net gedeeltelik verstaan wat ware liefde beteken.

Die "gids" wil groep A met hierdie hoofstuk oor die liefde aanspoor om nie so styf vas te hou aan hulle siening oor dit wat die Woord sê oor homoseksuele dae binne selfdegeslagverbintenisse nie.

### Wat die "gids" nie sê nie:

Die poësie oor die liefde in 1 Kor 13 is so treffend dat selfs ongelowiges hierdie hoofstuk gebruik wanneer hulle oor liefde praat. Maar daar is 'n wesenlike gevaar indien hierdie hoofstuk in isolasie gelees word. Buiten dat die verband met die ander hoofstukke in hierdie boek verlore gaan kan dit, wanneer in isolasie gebruik word, so gemanipuleer word dat dit 'n streep trek deur Paulus se verduidelikings van ware liefde in die res van die boek asook in sy ander briewe.

En dit is presies wat die "gids" met 1 Kor 13 doen.

As die "gids" se aanbeveling gebruik word om...:

- ons opinie oor liefde meer "los te laat" (nie so styf vas te hou aan wat die Woord ons oor liefde leer nie)
- omdat ons alles nog nie heeltemal verstaan nie

... beteken dit:

Paulus sou die Korinte leer dat die regte ding om te doen is, om die man wat in 'n seksuele verhouding met sy skoonma geleef het, met ope arms binne die gemeente te ontvang (1 Kor 5:1-13).

Paulus sou by die Korinte aandring om mense wat bekend was daarvoor dat hulle onsedelik leef, gereeld dronk is en die wat een of ander vorm van homoseksuele dae bedryf, met ope arms binne die gemeente te ontvang omdat almal wat hierdie dinge aanhou doen eendag tog die koninkryk van God sal ingaan ... omdat ons net gedeeltelik verstaan.

"Niemand wat in Christus is, mag uitgesluit of te na gekom word nie; almal moet in liefde en genade ingesluit word" (bl 33 van die "gids").

Die "gids" wil ons hier leer dat die goeie nuus wat ons moet verkondig is dat alle mense maar in sonde kan bly voortleef want Jesus het vir almal se sondes gesterf en God sal mos nie iemand veroordeel wat nie alles geweet het nie.

Op hierdie manier word 1 Kor 13 se "Nou ken ek net gedeeltelik," so uit konteks geruk dat dit 'n grondteks vir 'n nuwe evangelie word.

## 5. SAMEVATTING

Die NG-kerk se leierskap is by 'n "vasgelooptheid" omdat hul eie "skrifgeleerdes" met hul hoë kwalifikasies en die status wat die moderne samelewing daaraan toedig, dmv hul krities-historiese metodes die Woord van God se Goddelike gesag en geskiedkundige waarde afgewater totdat dit nou net nog 'n godsdienstige boek is wat deur mense geskryf is en daarom vrylik deur mense geïnterpreteer en herskryf kan word.

Omdat die Woord van God afgewater is tot net nog 'n godsdienstige boek wat deur mense geskryf is kan niemand wat 'n ander in liefde wil reghelp nou meer sê: "Dis nie ek wat sê nie, maar wat die Woord van God sê".

Sonder om die Woord van God as maatstaf te gebruik (2Tim 3:16) kan niemand 'n ander reghelp nie want dit kom daarop neer dat een blinde 'n ander blinde probeer lei. Inteendeel, sonder om 'n ander daarop te kan wys dat die riglyne in God se Woord die "hoër" maatstaf is, beteken dit dat die persoon wat die ander wil korrigeer homself verhef bo die ander. Hy of sy is dan besig om op die ander persoon neer te kyk en te klassifiseer op grond van sy of haar eie waardestelsel, nie God se Woord nie. Nog erger, hy of sy is dan besig om teen die ander persoon te diskrimineer. En dit is die grootste sonde, indien nie die enigste, wat die moderne mensdom erken en verdoem. Diskriminasie. As jy daaraan skuldig gemaak kan word, is die hele wêreld teen jou.

Hierdie dilemma, 'n denominasie sonder God se Woord as vaste fondament wat die "hoër" maatstaf vir ons gedrag is en die behoefte na meer lidmate (lees: inkomste), het die motivering geword vir die geboorte van 'n nuwe evangelie. 'n Nuwe evangelie wat niemand uitsluit nie en wat teen niemand diskrimineer nie. Selfs nie teen die wat volhard in sonde nie. Volgens hierdie nuwe evangelie het Jesus vir almal se sondes gesterf en is almal gered wat so sê, ongeag van hoe hulle leef.

Hierdie nuwe evangelie verlos ook. Dit verlos elkeen wat dit glo van die verantwoordelikheid om 'n ander wat dieselfde nuwe evangelie glo aan te spreek oor sy of haar gedrag, en daardeur die risiko loop om van diskriminasie aangekla te word. Solank jy hierdie nuwe evangelie glo, is jy gered en verlos. En as iemand iets oor jou gedrag probeer sê, diskrimineer hulle en kan jy hulle daarvoor dagvaar.

Die wat nog glo dat die hele Woord van God deur die Heilige Gees geïnspireer is, dat Jesus se woorde Goddelike gesag dra en dat God Jesus se woorde gebruik om lote te snoei, weet ook ....

"... daar sal 'n tyd kom wanneer die mense die gesonde leer nie meer sal verdra nie. Hulle sal hulle eie begeertes volg en vir hulle leermeesters bymekaarmaak wat net sal sê wat hulle graag wil hoor. Hulle sal **die waarheid** nie wil hoor nie en hulle tot verdigsels wend." 2 Tim 4:3-4.